
God is Koning
PSALM 97


Psalms
1
2
3-41
42-72
73-89
90-106
107-145
146-150
1
2
3
4
5

## Psalm 89:50

50 Waar is u liefde van
vroeër, Here,
wat U in u trou plegtig
aan Dawid belowe het?



Boek 3

## Psalm 90:1

Here, U was vir ons 'n toevlug
van geslag tot geslag.

Boek 4

# Psalm 91:1-2

1Hy wat by die
Allerhoogste skuiling vind
en die beskerming van die
Almagtige geniet,
2hy sê vir die Here:
"U is my toevlug en my
veilige vesting,
my God op wie ek vertrou."




Boek 4

## Psalm 105:8

8 Hy hou sy verbond
altyd in stand,
die belofte wat Hy aan
duisende geslagte
toegesê het,

Boek 4


Psalm 106:1
1 Prys die Here!
Loof die Here, want Hy
is goed,
aan sy liefde is daar
geen einde nie!
Boek 4

## Psalm 106:47

47 Red ons, Here ons God,
maak ons bymekaar
tussen die volke uit,
dat ons u heilige Naam
kan loof
en ons in u lof kan verheug.

Boek 4


God IS Koning
PSALM 97

1 Die Here regeer, die aarde moet juig,
al die baie eilande moet bly wees!
2 Die Here is omgewe van donker wolke;
sy troon is gebou op reg en geregtigheid.
3 'n Vuur trek voor Hom uit
en verteer sy vyande aan alle kante.
4 Sy weerligstrale verlig die wêreld;
die aarde sien dit en bewe.

Psalm 97

5 Berge smelt soos was voor die Here,
voor die Here van die aarde.
6 Die hemel getuig dat Hy regverdig is
en al die volke sien sy magtige verskyning.
7 Almal wat beelde dien,
wat nikswerd afgode vereer, word ontnugter,
want al hulle gode moet voor die Here buig.

*Psalm 97*

8 Sion is bly, die stede van Juda juig
wanneer hulle hoor wat U as regter
gedoen het, Here.
9 U, Here, is die Allerhoogste
oor die hele aarde,
hoog verhewe bo alle gode.

Psalm 97

10 Julle het die Here lief; haat dan wat sleg is!
Hy bewaar die lewe van sy troue dienaars,
Hy red hulle uit die greep van die goddelose.
11 Vir die regverdiges het daar lig gekom,
blydskap vir die opregtes.
12 Wees bly in die Here, regverdiges,
prys sy heilige Naam.

*Psalm 97*


GOD IS
Koning


God
is Koning


God
is
Koning


God is Koning
PSALM 97